Tjokkie WEEKBLAD

23 Oktober 2026 Uitgawe: 3/4/2026

UIT DIE KANTOOR

Akademie:

Baie geluk aan al ons akademiese presteerders wat tydens Maandag se saalopening erkenning ontvang het. Die leerders het almal hard gewerk verlede kwartaal en die resultate was oor die algemeen baie goed. Ons is voorwaar trots op elke leerder wat NET SY BESTE gegee het.

Die eksamen begin reeds op 11 November vir ons Gr. 7-leerders, waarna die res van die skool op 16 November begin. So tussen al die sport deur moet ouers asb. hul kinders aanmoedig om veral nou hard te werk en gereeld hul huiswerk te doen sodat die jaar op ‘n hoogtepunt afgesluit kan word.

Sport:

Die krieketseisoen is in volle swang met heelwat wedstryde wat die afgelope week plaasgevind het. Geluk aan al ons spanne wat goeie uitslae behaal het.

Vandag vind ons eie Tjokkie Snelgala op die terrein van Hoërskool Sentraal plaas. Baie sterkte aan al ons swemmers.

Saterdag is daar heelwat van ons Tjokkie-atlete in aksie by Vrystaat Atletiek by die stadion. Hierdie byeenkoms word jaarliks deur Primêre Skool Jim Fouché aangebeid. Vir ‘n hele paar kinders is dit hul eerste geleentheid om weer hul talente op nuwe items te gaan ontdek. Baie sterkte aan al ons deelnemers.

ANDER

Voortrekkers:

Tjokkies het ‘n baie aktiewe Voortrekkerkommando.
Eerskomende Maandagaand, 26 Oktober is die jaar se prysuitdeling.


Hierdie verrigtinge sal in die skoolsaal plaasvind en sal om 18:00 begin.

BELANGRIKE DATUMS

24 Okt.:	Tjokkies Blitsgala (H/S Sentraal)
	TiC Dagkamp
25 Okt.:	JF Atletiekbyeenkoms
	Nautilus 4
26 Okt.:	o/9 Krieketliga
	o/11 Tennisliga
	Voortrekkerprysuitdeling
27-29 Okt.:	o/13 Krieket Aandliga (WP)
27 Okt.:	o/11 Krieketliga
28 Okt.:	Gr.1 (2027) Ouerinligtingsaand
30 Okt.:	PBS Koorfees (Jnr)

VERJAARSDAE

23 Okt.:	Juf. Elsabé Claassen (Hoof Kleuterskool)
26 Okt.:	Ds. Thania Botha (Jeugwerker)
27 Okt.:	Juf. Maryka Conradie (Gr.1)



MAMMAS WAT BID

Geplant by die waterstroom

“Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die Here is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie.”

JEREMIA 17:7-8 AFR53

Here, mag ons wees soos die boom geplant by die waterstroom. Mag ons wortels uitskiet en gegrond wees in U Woord. Mag ons in alles volkome vertrou op U en nie op ons eie krag en verstaan nie. Dan sal ons geseënd wees en nie besorg wees in droë seisoene nie. Omdat ons van U afhanklik is, sal ons nie hoop verloor nie, maar veel vrug dra!

Amen

SNUFFELS



vs nasorgsentrum
residential care centre

LIGGIEFEES

Gemaak met *hande*. Gevier met *harte*.



13-28 NOVEMBER

18h00-22h00
(Elke dag behalwe Sondae)

Beleef 'n Afrika-kersfees wonderland!

Ervaar wonderlike vermaak en hope pret vir oud en jonk!

Geniet heerlike kosstalletjies.

ROSESTAD 100.6 FM
TROTSE MEDIA BORG

Bloem NUUS NEWS
SENTRAAL24

vs nasorgsentrum
residential care centre

LIGHTS FESTIVAL

Made with *hands*. Celebrated with *hearts*.



25 DAYS TO GO



13-28 NOVEMBER

18h00-22h00
(Every day except Sundays)

Experience an African Christmas wonderland!

Enjoy amazing entertainment, and plenty of fun for young and old.

Enjoy delicious food and drink stalls!

ROSESTAD 100.6 FM
TROTSE MEDIA BORG

Bloem NUUS NEWS
SENTRAAL24